*Dinsdag* **30 Desember**

**Skrifgedeelte: Openbaring 12:10-12**

**Fokusgedeelte: Openbaring 12:11**

**Jubel, want ons is oorwinnaars deur die bloed van Christus**

Daar is ’n gejuig in die hemel! Die sangers sing ’n jubellied. Satan is verslaan! Die beslissende oorwinning van Christus oor Satan was deur sy kruis en sy heerlike opstanding. Christus verlaat die aardse lewe triomfantelik en word bekroon met sy troonsbestyging aan God se regterhand. Satan is verslaan en uit die hemel verdryf. Nou regeer Christus met koninklike mag en gesag. Watter uitwerking het hierdie geweldige gebeure op ons?

Die sangers is die engele en hulle sing dat God die redding gebring het en dit as skat uitdeel. Dit gebeur *Nou!* Met klem word verklaar: *Nou!* het God die redding gebring. *Nou!* kan gesien word Jesus Christus het die mag om wêreldheerskappy uit te oefen.

Die engele sing jubelend dat die aanklaer van hulle medegelowiges (AFR33: “broeders”) uit die hemel gegooi is. Die wonderlike gevolg van Christus se werk is dat die medegelowiges self ook die oorwinning oor Satan behaal het. Satan kan wesentlik niks meer aan die gelowiges doen nie. Hulle het oorwin deur die bloed van die Lam en deur hulle geloofsgetuienis. Die oorwinning is behaal omdat hulle sondes uitgedelg en afgewas is, dat versoening gekom het. Die boodskap waarvan hulle getuig het, is hulle geloof in Christus. Hulle sal Hom nie loslaat of verloën nie, wat ook al hulle aangebied word of wat ook al hulle aangedoen word. Hulle sal in die geloof aan hulle Verlosser vashou, selfs al kos dit hulle lewens.

Die hemel en al sy inwoners moet daarom aan hulle vreugde uiting gee. Ook ons moet nou jubel oor die oorwinning, want al moet ons stry teen die aanslae van die woedende Satan en sy trawante, is ons nou reeds in Christus jubelende oorwinnaars!

*Sing: Skrifberyming 5-4:5, 6*

*Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)*